# Les 17 KONINGSKINDERS: DIE HERE WYS DAT HY ALTYD VIR DIE HELE WÊRELD SORG, SONDER BELANGRIKE MENSE WAT HOM MOET HELP

## 1. Die Farao stel priesters oor die hele land aan om al die afgode te versorg

Verlede keer het ons geleer dat die Farao gedink het hy is die enigste kind van die groot songod, en alle ander mense kan maar paddagode, krokodilgode en seekoeigode aanbid. Die Farao het gevoel hy is só belangrik dat hý vir al hierdie afgode moet sorg. Hy het gesorg dat daar vir al hierdie afgode huise gebou word waarin hulle kan bly. Hierdie huise waarin die afgode moes bly, is tempels genoem. Die koning het ook gesorg dat daar mense is wat vir hierdie afgode kan sorg. Hy het hulle aangestel, en hy het hulle betaal om vir hierdie afgode te sorg. Hierdie mense is priesters genoem.

## 2. Die priesters sorg dat die gode wakker word en werk

Hierdie priesters het ’n baie snaakse werk gehad. Hulle het gedink dat hulle elke oggend hulle afgode moet wakkermaak, skoonmaak, kosgee en gelukkig laat voel. Onthou nou, hulle het tempels gebou, en binne-in die tempels het hulle beeldjies van seekoeimense, krokodilmense en paddamense gestaan.

Elke oggend het dit só gewerk: Die priesters kom voor die tempel staan en maak die tempel se deure oop. Terwyl hulle die deure oopmaak, sing hulle liedjies wat die gode vra om wakker te word en op te staan uit hulle slaap uit.

Dit is ’n baie snaakse bygeloof – hulle het geglo elke aand gaan die god se gees uit die beeld uit, en dan gaan hy weg. Elke oggend as hulle hierdie wakkermaak-liedjies sing, dan kom die god se gees weer binne-in die beeld in.

Nadat hulle hierdie afgode wakkergesing het, dan maak hulle hulle skoon en vryf hulle met olie blink. En glo dit as julle wil, dan bring hulle vir die gode lekker mandjies vol kos en sit vir hulle ontbyt voor.

En raai wat doen die priesters dan? Dan sit hulle die gode aan die werk! Dít het hulle met towerformules gedoen. As hulle sulke towerwoorde sê, dan begin die gode werk en alles doen wat gode moet doen. Hulle sit die gode aan die werk, net soos wat boere hulle arbeiders elke oggend aan die werk sit. Kan julle dit glo! Mense wat God aan die werk sit!?

## 3. Net skoon priesters mag die afgode wakker maak

Wie mag elke oggend hierdie afgode gaan wakker sing en kosgee? Net die priesters. Dit was hulle werk. Maar daar was ’n baie belangrike reël vir hierdie priesters: hulle mag glad nie enige vuil of stukkende plekkie aan hulle liggaam gehad het nie. Kyk ’n bietjie na hierdie tekening van Egiptiese mense. Kan julle sien hier is mense sonder hare op hulle koppe?



Hierdie ooms sonder hare op hulle koppe, is die priesters. Dit het só gewerk: as hulle vlooibyte of luisbyte gehad het, dan mag hulle nie in die tempel ingaan en die gode wakkermaak nie. Dan is hulle te vuil en sleg om voor hierdie gode te gaan staan. Om te sorg dat hulle nooit enige vlooibyt of luisbyt aan hulle gehad het nie, het hulle altyd ál hulle hare afgeskeer. Hoekom? Want vlooie en luise is lief vir hare. Hulle het al hulle hare oor hulle héle liggaam afgesny: die hare op hulle kop, hulle ooghare, al die hare op hulle arms en bene en ook die hare onder hulle arms en op hulle lyf. Dit het gekeer dat hulle nooit enige rooi bytplekkie aan hulle gehad het nie.

Voor hulle die gode dan wakkermaak, het hulle almal in ’n groot swembad gewas sodat hulle nêrens ’n vuil kolletjie op hulle gehad het nie. Hulle moes elke keer bad voor hulle weer voor die god gaan staan. Partykeer het hulle tot tien keer op ’n dag gebad.

**4. Die Here stuur bytmuggies oor die hele Egipteland**

Kyk wat doen die Here nou! Hy sê vir die koning hy moet Sy kinders uitlos dat hulle kan wegtrek van hierdie land met al sy afgode. Die Here se kinders is nie konings en afgode se slawe nie. Hulle is dienaars van die Here.

Maar die koning wil mos wys hy is groter en sterker as die Here. Hy wil wys dat die Here maar net soos een van die padda-, seekoei- of krokodilgode is. Die koning het geglo die Here is maar óók sommer net een van die afgode waarvoor hy moet sorg.

’n Mens luister mos nie vir iemand as jy vir hom moet sorg nie. Wie is die baas? Die een wat versorg moet word, of die een wat versorg? Wie is die baas? Die een wat jy aan die werk sit, of die een wat aan die werk gesit word? Dis mos die koning se geloof dat hý vir gode moet huise bou en priesters moet aanstel wat hulle moet wakkermaak en kosgee. Die koning het mense wat die gode elke oggend aan die werk sit! Die koning is baas! Hý sorg vir God! Dis hoekom hy nie vir God wil luister nie. Hý kyk dat God Sy werk doen, die Here mag nie vir hóm sê watse werk hý moet doen nie.

Wat doen die Here nou?

*"[16] Daarna het die Here vir Moses gesê: "Sê vir Aäron: Swaai jou kierie en slaan op die grond dat daar muggies oor die hele Egipte kom." [17] Hulle twee het toe so gemaak. Aäron het die kierie geswaai en op die grond geslaan, en mens en dier was oortrek van die muggies. In die hele Egipte het elke krieseltjie stof 'n muggie geword. [18] Die towenaars het dieselfde probeer doen met hulle towerkunste, dié keer om muggies voort te bring, maar hulle kon nie. Mens en dier was oortrek van die muggies. [19] Toe sê die towenaars vir die farao: "Dit is die vinger van God!" Maar die farao het koppig gebly. Hy het nie aan Moses-hulle se versoek gehoor gegee nie, net soos die Here vooraf gesê het."* (Gen. 9)

Onthou, Aäron wys wat die Here gaan doen. Dit is nie 'n towerstok nie. Met hierdie teken, om met sy kierie op die grond te slaan, wys Aäron dat dit Gód is wat nou die muggies laat kom. Dit is nie sommer maar net iets wat vanself gebeur nie.

Hierdie muggies broei tot vandag toe nog binne-in die moddergrond wat die Nylrivier afspoel uit Afrika tot in Egipte. Maar dit is 'n ander soort muggie as wat ons ken. Hierdie is 'n bytmuggie. Hulle byt jou en dan kry jy sulke rooi bytplekkies orals op jou liggaam. Nou maak die Here hierdie muggies só baie dat hulle mense en diere heeltemal oortrek.

**5. Die towenaars sien dit is 'n ramp vir hulle gode**

Wat doen die Here met hierdie muggies? Onthou nou, hoe moet die priesters wees wat elke oggend die afgode wakker sing, kosgee, gelukkig hou en aan die werk sit? Hulle moet sonder bytplekke en sonder vuil kolle wees!

En nou? Nou is al die priesters van kop tot tone vol bytplekke. Nie één priester in die hele Egipteland kan nou in één van die tempels ingaan nie. En nou? Nou is daar niemand in die héle land wat die afgode kan wakkermaak, kosgee en gelukkig hou nie.

Dit is hoekom al die towenaars baie benoud en bekommerd vir die koning sê: hierdie muggies is die vinger van God! Die Here wys hulle nou iets wat hulle nie kan glo nie. Al die gode in Egipteland is weg en aan die slaap. Al die gode van Egipteland is honger en kwaad. Al die gode doen niks nie, want hulle word nie in die oggende aan die werk gesit nie. Die priesters is te vol bytmerke om hierdie werk te mag doen.

Dit was vir hulle iets verskrikliks gewees. Onthou, mense moes vir álles na hierdie gode toe gaan vir hulp: vir siektes, vir reën, vir kos, vir geld, vir kinders, vir geluk, vir mag en vir vrede. Maar hulle kan nie meer na die gode toe gaan nie,

want niemand mag hulle wakkermaak of hulle aan die werk sit met towerformules nie.

Hulle het geglo dat alles nou gaan verkeerd loop en niks meer gaan werk nie, want al die gode slaap, is honger en kwaad, en doen nie meer hulle werk nie.

**6. Die koning wil nie glo dat die Here vir alles sorg en alles laat werk nie**

Kyk wat sê die Bybel oor die koning: *"Maar die farao het koppig gebly. Hy het nie aan Moses-hulle se versoek gehoor gegee nie, net soos die Here vooraf gesê het."* Kan die koning nog glo dit is hý wat vir al die gode sorg en alles in die land laat werk? Hy kan nie. Al die gode is nog toegesluit en aan die slaap. Maar raai wat gebeur, al is hulle toegesluit en slaap hulle? Alles werk nog soos altyd! Wat wys dit vir die Farao? Die Here wys hom alles werk nog nét soos altyd, want dit is die Hére wat die aarde en hemel laat werk soos dit werk. Dit wys hom dat dit níé hy is wat alles laat werk deur sy priesters en gode nie.

Maar dit help nie die Here wys hom nie. Die koning is nie dom nie. Hy síén alles werk, al doen sy gode niks nie. Hy is iets anders. Hy is domastrant. 'Dom' beteken jy is te dom om iets te kan sien. 'Domastrant' beteken jy is slim genoeg om te sien wat die Here doen, maar jy wíl dit nie sien nie. Jy wil net sien dat jý die baas is.

**7. Ooms en tannies wat priesters is**

Dink julle daar is vandag nog mense wat dink hulle moet God wakkermaak, kosgee en aan die werk sit, anders doen Hy niks nie?

Groot verrassing! Daar ís nog sulke mense. Mense wat dink hulle is God se priesters!

Dit werk só! Daar is ooms en tannies wat glo dat God se Gees binne-in hulle inkom en dan bly God binne-in hulle, net soos wat die afgode binne-in die Egiptiese tempels gebly het.

Hierdie ooms en tannies glo dat omdat God binne-in hulle bly, hulle God aan die werk kan sit! Net soos wat die Egiptiese priesters hulle gode in die tempels wakkergemaak en aan die werk gesit het.

Hulle glo hulle kan God aan die werk sit met towerformules. As hulle sê God moet iemand gesond maak, dan luister God, en werk God! Dan maak hy mense gesond! As hulle vir God sê om hulle ryk en gelukkig te maak, dan luister en werk God! Dan maak God mense ryk en gelukkig. As hulle vir mense sê hulle sondes is vergewe, dan luister God, en vergewe Hy hierdie mense se sondes.

Hierdie mense maak asof dit bid is, maar dit is nie bid nie. Dit is towerformules. Hulle sê vir God wat hy moet doen – en dan moet God wakker word en doen wat hulle vir Hom sê.

Wat wys die Here vir ons met hierdie muggies? As hierdie ooms en tannies gaan slaap, of vergeet om vir God te sê wat Hy moet doen, wat gaan dan gebeur? As hierdie ooms en tannies nie in die kerke kom praat en by die skole kom praat nie, wat gaan dan gebeur?

Alles gaan nog stééds gebeur net soos God alles laat gebeur! Al slaap hierdie ooms en tannies, al bly hulle ver weg in Johannesburg en al gebruik hulle nie hulle towerformules nie, gaan alles wat die Here vir ons doen, nog steeds gebeur. Dit is nie húlle wat God hier by ons kom wakkermaak en laat werk nie. God sorg vir die hele wêreld en Hy slaap nooit nie. God is altyd oral, by ons almal. Hy is nie net binne-in spesiale ooms en tannies wat Hom aan die werk sit nie. God is altyd orals, en laat altyd alles gebeur.

Hy bly nie in tempels nie, en ook nie binne-in mense nie. Hy is altyd orals. Hy werk nie net as mense Hom wakkermaak nie. Hy werk áltyd, en sorg áltyd vir ons.

**8. Opdrag**

Gaan vra vir Pa en Ma, of enige grootmens, wat is ’n priester?

Onthou die antwoord: ’n priester is iemand wat glo dat hy God moet wakkermaak en God aan die werk moet sit met towerformules.

En dan sê julle: die Here slaap nooit nie en niemand maak Hom wakker nie. Hy is altyd órals, en werk áltyd om vir ons te sorg. Al slaap almal!

Pappa of Mamma moet hier teken nadat jy die les vir hulle gewys het:

________________________________

Handtekening: ouer of voog